

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 21 NOVEMBER 2024

1. The House met at 14:15.
2. The Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the logistical arrangements for the sitting taking place.
4. [14:19] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman): That, notwithstanding the provision of Rule 18, the hours of sitting on Tuesday, 26 November 2024, shall be from 10:00 to adjournment.  
  
Agreed to.
5. [14:20] Interpellations.
6. [15:01] Questions.
7. [16:02] Questions to the Premier without Notice.
8. [16:20] Statements by Members.
9. [16:48] Response to statements by Members by Mr J J Londt, Minister of Social Development, Mr D J Maynier, Minister of Education and Mr A R Winde, Premier.
10. [16:54] Motions with Notice (*in accordance with Standing Rule 151*).  
  
The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.
11. [16:55] Motions without Notice (*in accordance with Standing Rule 150*).
12. Mr T C R Walters moved without notice: That the House congratulates Mr Haroun Pietersen from Mitchells Plain who was crowned the African continent's powerlifter champion; notes that it is great to see someone from our province representing us proudly on the continental stage; expresses pride in this achievement; and wishes Mr Pietersen all the best as he continues to work hard to make us proud in the World Games next year in China.  
  
Agreed to.

13. Mr T C R Walters moved without notice: That the House congratulates KykNet for 25 wonderful years of excellence in Afrikaans media; acknowledges that Kyknet has not only promoted the Afrikaans language and culture, but has also filled people's hearts by delivering trustworthy and inspiring content; acknowledges the dedication and passion with which KykNet approaches media, which has made it a true leader in the industry; and wishes KykNet well for the next 25 years of excellence in Afrikaans.

Agreed to.

14. Mr D G Jacobs moved without notice: That the House commemorates the 16 Days of Activism; notes that every six hours a woman dies at the hand of her intimate partner in South Africa; notes that we are deemed one of the top five countries that is the most unsafe for women; notes that Statistics South Africa has declared this a hyperendemic; conveys heartfelt condolences to the family and friends of these women who have violently lost their lives; notes that we deem the family as the cornerstone of communities, and the lives and safety of our mothers and daughters in the community are paramount; notes that we are in tears for those women; and demands that authorities leave no stone unturned to bring to book the perpetrators of these hideous crimes.

Agreed to.

15. Ms A P Bans moved without notice: That the House congratulates His Excellency Ambassador Ebrahim Rasool on his appointment as South Africa's Ambassador to the United States for a second term and commends the national government for making this exceptional choice, which demonstrates their confidence in Ambassador Rasool's diplomatic acumen and leadership; further notes that Ambassador Rasool's appointment comes at a critical juncture in international relations, as the United States prepares for a new political landscape and his ability to engage across party lines and his proven track record in navigating complex geopolitical dynamics will be invaluable in strengthening the South Africa–US relationship during this new phase; acknowledges that in his first term, from 2010 to 2015, Ambassador Rasool worked tirelessly to bolster South Africa's standing on the global stage, contributing to the deepening of bilateral ties between our two nations, and that this second tenure, under different political leadership in the US, will undoubtedly benefit from his experience, strategic foresight and commitment to shifting the narrative towards a more inclusive and collaborative future; and wishes Ambassador Rasool well on his new tenure, as we trust that his leadership will continue to foster goodwill, drive economic diplomacy and promote South Africa's interests in Washington and beyond.

Agreed to.

16. Mr N Constable moved without notice: That the House congratulates Bafana Bafana and the South Africa Football Association for qualifying for the 2025 African Cup of Nations in Morocco; wishes them well with their preparations and believes that they will do us proud; and notes that this shows again that we, as South Africans, are indeed a winning nation.

Agreed to.

17. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with grave concern the severe health risks posed by unsafe and expired food products sold at spaza shops throughout our province; further notes recent incidents, such as the case of a five-year-old child in Kensington who fell ill from consuming a mouldy pie, along with several other reported incidents where children bought consumables containing foreign objects, such as

capsules, highlighting the dangers of these contaminated products; acknowledges that these incidents, along with the major discovery of sausage manufacturing in Mfuleni under unsanitary and unsafe conditions, and reports of expired food and other products being dumped in an open field in Khayelitsha by spaza shop owners – some of which were reportedly consumed by children – illustrate the alarming prevalence of food safety violations at spaza shops, particularly in townships and rural areas; further notes that while the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972), and the National Health Act, 2003, empower municipalities to conduct food safety inspections, fine transgressors, close non-compliant shops and make arrests, it is deeply concerning that, despite numerous reports and public outcry, authorities have been slow to act, with City food inspectors failing to address the ongoing sale of hazardous food products, which raises questions about their effectiveness and possible complicity, thus allowing dangerous practices to persist and putting vulnerable people at risk of foodborne illness; calls for intensified food-safety inspections and immediate action against shop owners selling expired and unsafe goods, while urging an investigation into the actions of City food inspectors; and welcomes ongoing efforts to regulate spaza shops and warns South Africans that it is illegal to register spaza shops on behalf of unregistered foreign nationals, with urgent measures required to ensure compliance with health and safety standards and protect the well-being of vulnerable communities.

Agreed to.

18. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House notes and reminds all prepaid electricity meter customers that the deadline for re-coding their meters is fast approaching, with only a few days remaining until the critical deadline on Sunday 24 November 2024; further notes that the failure to meet this deadline will result in meters becoming inactive, leaving consumers without electricity and forcing them to bear the high costs of meter replacement and installation; acknowledges that this is a hard deadline with no extensions, and those who miss it will face significant disruption and unnecessary expenses; and urges all Western Cape citizens to take immediate action and re-code their meters before the deadline to ensure continued access to electricity and avoid being left in the dark.

Agreed to.

19. Ms A Cassiem moved without notice: That the House notes that on Saturday 16 November 2024 a fire broke out in the Phumlani Village Informal Settlement in Pelican Park at around 16:00, destroying 58 shacks and leaving 204 people homeless and stranded; further notes that prior to the blaze that engulfed their homes, residents previously lodged complaints with the City regarding a faulty electric transformer that kept releasing sparks; and concludes by stating that if the Province would be true to its efforts of the de-densification process of congested informal settlements in the Western Cape, then people's lives would not be facing such high risks, and they would certainly not be incurring such devastating losses.

Agreed to.

20. Mr F C Christians moved without notice: That the House notes the ever-increasing incidences of extortion and construction-mafia activities within our communities; notes with concern the article "Extortion Nation Project" by Jonathan Ancer in *News24* that describes the activities of extortionists and the construction mafia; notes that the article reveals that their activities are not limited to one province, but occur country-wide; notes that the construction industry is hard-hit with wide-ranging negative effects on multi-billion-rand construction projects; notes that, because of this, building costs are increasing

and completion deadlines are not met; notes that these criminal activities are spreading rapidly across the country; notes that the article notes that extortion goes beyond the construction sector; notes that small businesses are targeted and forced to pay “protection fees” otherwise they will become the victims of violence and have their properties destroyed; notes that people are held in the grip of fear preventing them from speaking out against extortion gangs; notes that owners of hair salons, taxi drivers and landlords, among others, are all exposed to the extortionist demands for protection fees; notes that businesspeople in Khayelitsha, Guguletu, Nyanga, Langa and communities across the country are crippled by extortion-fee demands; notes that some cannot afford to relocate and must endure the hardships brought about by paying protection fees; notes that only a fraction of 6 000 cases reported over the last five years have led to convictions; notes that criminologists warn of catastrophic consequences for our communities and our country if effective strategies are not developed to bring about the demise of extortion county-wide; and Notes that there is a call for all spheres of government to develop strategies that will effectively put an end to extortionists in our province and the country.

Agreed to.

21. The House adjourned at 17:15.

ROMEO ADAMS  
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

## VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE

# PROVINSIE WES-KAAP

=====

DONDERDAG, 21 NOVEMBER 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:16] Die Speaker maak 'n algemene aankondiging oor die logistieke reëlings vir die sitting wat plaasvind.
4. [14:19] Die Hoofswep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel voor: Dat, niesteenstaande die bepaling van Reël 18, die ure van die sitting op Dinsdag, 26 November 2024, van 10:00 tot verdaging sal wees.  
Goedgekeur.
5. [16:20] Interpellasies.
6. [15:01] Vrae.
7. [16:02] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.
8. [16:20] Verklarings deur Lede.
9. [16:48] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling en mnr D J Maynier, Minister van Onderwys en mnr A R Winde, Premier.
10. [16:54] Voorstelle met kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 151*).  
Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.
11. [16:55] Voorstelle sonder kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 150*).
12. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing: Dat die Huis mnr Haroun Pietersen van Mitchells Plain gelukwens nadat hy as die Afrika-vasteland se kragoptelkampioen gekroon is; kennis neem dat dit wonderlik is om iemand van ons provinsie te sien wat ons met trots op die kontinentale verhoog verteenwoordig; trots uitspreek oor hierdie prestasie; en mnr Pietersen alle sterkte toewens terwyl hy aanhou hard werk om ons trots te maak tydens die Wêreldspele volgende jaar in China.  
Goedgekeur.

13. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing: Dat die Huis KykNet gelukwens met 25 wonderlike jare van uitnemendheid in die Afrikaanse media; erkenning gee dat Kyknet nie net die Afrikaanse taal en kultuur bevorder nie, maar ook mense se harte volgemaak deur betroubare en inspirerende inhoud te lewer; erkenning gee aan die toewyding en passie waarmee KykNet media benader, dit 'n ware leier in die bedryf gemaak het; en KykNet voorspoed toewens vir die volgende 25 jaar van uitnemendheid in Afrikaans.

Goedgekeur.

14. Mnr D G Jacobs stel sonder kennisgewing: Dat die Huis die 16 Dae van Aktiwisme herdenk; kennis neem dat 'n vrou elke ses uur aan die hand van haar intieme maat in Suid-Afrika sterf; kennis neem dat ons as een van die vyf toplande beskou word wat die onveiligste vir vroue is; kennis neem dat Statistieke Suid-Afrika dit as 'n hiperendemie verklaar het; innige meegevoel betuig met die familie en vriende van hierdie vroue wat hul lewens gewelddadig verloor het; kennis neem dat ons die gesin as die hoeksteen van gemeenskappe beskou, en dat die lewens en veiligheid van ons moeders en dogters in die gemeenskap uiters belangrik is; kennis neem dat ons vir daardie vroue ween; en eis dat owerhede alles moontlik doen laat om die oortreders van hierdie afskuwelike misdade aan die pen te laat ry.

Goedkeur.

15. Me A P Bans stel sonder kennisgewing: Dat die Huis Sy Eksellensie Ambassadeur Ebrahim Rasool gelukwens met sy aanstelling vir 'n tweede termyn as Suid-Afrika se Ambassadeur in die Verenigde State en die nasionale regering aanprys vir hierdie uitsonderlike keuse, wat hul vertrouwe in ambassadeur Rasool se diplomatieke aanleg en leierskap aantoon; verder kennis neem dat ambassadeur Rasool se aanstelling op 'n kritieke tydstip in internasionale betrekkinge kom, aangesien die Verenigde State hom voorberei vir 'n nuwe politieke landskap, en sy vermoë om oor partygrense heen te skakel en sy bewese rekord in die hantering van komplekse geopolitieke dinamika sal van onskatbare waarde wees om die betrekkinge tussen Suid-Afrika en die VSA tydens hierdie nuwe fase te versterk; erkenning gee dat ambassadeur Rasool in sy eerste termyn, van 2010 tot 2015, onvermoeid gewerk het om Suid-Afrika se aansien op die wêreldtoneel te versterk, wat bygedra het tot die versterking van bilaterale bande tussen ons twee nasies, en dat hierdie tweede ampstermyn, met 'n verskillende politieke leierskap in die VSA, ongetwyfeld baat sal vind by sy ervaring, strategiese versindheid en toewyding om die narratief te verskuif na 'n meer inklusiewe en samewerkende toekoms; en ambassadeur Rasool sterkte toewens met sy nuwe ampstermyn, aangesien ons vertrou dat, onder sy leierskap, voortgaan sal word om welwillendheid te bevorder, om ekonomiese diplomاسie aan te dryf en Suid-Afrika se belange in en verder as Washington te bevorder.

Goedgekeur.

16. Mnr N Constable stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Bafana Bafana en die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging gelukwens nadat hulle vir die Afrikabeker 2025 in Marokko gekwalifiseer het; hulle sterkte toewens met hul voorbereidings en glo dat hulle ons trots sal maak; en kennis neem dat dit weer wys dat ons, as Suid-Afrikaners, inderdaad 'n wennasie is.

Goedgekeur.

17. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die ernstige gesondheidsrisiko's wat onveilige en vervalde voedselprodukte wat by spaza-winkels in ons provinsie verkoop word, inhou; verder kennis neem van onlangse

voorvalle, soos die geval van 'n vyfjarige kind in Kensington wat siek geword het nadat 'n pastei met skimmel geëet is, saam met verskeie ander aangemelde voorvalle waar kinders verbruiksprodukte gekoop het wat vreemde voorwerpe bevat het, soos kapsules, wat op die gevare van hierdie besmette produkte wys; erkenning gee dat hierdie voorvalle, saam met die reuseontdekking van worsvervaardiging in Mfuleni onder onhigiëniese en onveilige toestande, en berigte van vervalde kos en ander produkte wat deur huiswinkelwinkeleienaars in 'n oop stuk veld in Khayelitsha gestort is – waarvan sommige na bewering deur kinders geëet is – die kommerwekkende voorkoms van voedselveiligheidsortredings deur huiswinkels, veral in informele nedersettings en in landelike gebiede, aantoon; verder kennis neem dat, alhoewel die Wet op Voedsel, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), en die Nasionale Gesondheidswet, 2003, munisipaliteite bemagtig om voedselveiligheidsinspeksies uit te voer, oortreders te beboet, winkels wat nie aan voldoening voldoen nie, te sluit en inhegtenemings te maak, diepe kommer heers omdat owerhede, ten spyte van talle verslae en openbare ontsteltenis, traag was om op te tree, met voedselinspekteurs van die Stad wat versuim het om aandag te skenk aan die voortgesette verkoop van gevaarlike voedselprodukte, wat vrae laat ontstaan oor hul doeltreffendheid en moontlike medepligtigheid, en sodoende gevaarlike praktyke laat voortduur en kwesbare mense aan die risiko van siektes wat deur voedsel oorgedra word, blootstel; 'n beroep doen op verskerpte voedselveiligheidsinspeksies en onmiddellike optrede teen winkeleienaars wat vervalde en onveilige goedere verkoop, terwyl aandrang word op 'n ondersoek na die optrede van die voedselinspekteurs van die Stad; en voortgesette pogings om spaza-winkels te reguleer verwelkom en Suid-Afrikaners waarsku dat dit onwettig is om huiswinkels namens ongeregisterde buitelandse burgers te registreer, met dringende maatreëls wat nodig is om voldoening aan gesondheid- en veiligheidstandaarde te verseker en die welstand van weerlose gemeenskappe te beskerm.

Goedgekeur.

18. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en alle kliënte met voorafbetaalde-elektrisiteitsmeters herinner dat die sperdatum vir die herkodering van hul meters vinnig naderkom, met slegs 'n paar dae oor voor die kritieke sperdatum van Sondag 24 November 2024; verder kennis neem dat die versuim om hierdie sperdatum na te kom, daartoe sal lei dat meters onaktief word, wat verbruikers sonder elektrisiteit sal laat en hulle sal dwing om die hoë koste verbonde aan metervervanging en installasie te dra; erkenning gee dat dit 'n besliste sperdatum is met geen uitstel nie, en diegene wat dit misloop, aansienlike ontwrigting en onnodige uitgawes in die gesig sal staar; en 'n beroep op alle Wes-Kaapse burgers doen om onmiddellik op te tree en hul meters voor die sperdatum te herkodeer om voortgesette toegang tot elektrisiteit te verseker en te voorkom dat hulle in die donker sit.

Goedgekeur.

19. Me A Cassiem stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat 'n brand omstreeks 16:00 op Saterdag 16 November 2024 in die Phumlani Village- informele nedersetting in Pelican Park uitgebreek het, wat 58 opslaanhuise vernietig het en 204 mense dakloos en gestrand gelaat het; verder kennis neem dat inwoners voorheen, voordat die brand hul huise in puin gelê het, klagtes by die Stad ingedien het oor 'n foutiewe elektriese transformator wat aangehou het vonke te veroorsaak; en ten slotte verklaar dat, as die Provinsie getrou sou gewees het aan sy pogings van die ontstigting van oorvol informele nedersettings in die Wes-Kaap, mense se lewens nie sulke hoë risiko's in die gesig sou staar nie, en dat hulle beslis nie sulke verwoestende verliese sou ly nie.

Goedgekeur.

20. Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die steeds toenemende voorkoms van afpersing en die aktiwiteite van die konstruksie-mafia in ons gemeenskappe; met kommer kennis neem van die artikel “Afpersingsnasieprojek” (“Extortion Nation Project”) deur Jonathan Ancer in News24 wat die aktiwiteite van afpersers en die konstruksie-mafia beskryf; kennis neem dat die artikel onthul dat hul aktiwiteite nie tot een provinsie beperk is nie, maar landwyd plaasvind; kennis neem dat die konstruksiebedryf swaar getref word deur die wye negatiewe uitwerking op multimiljardrandkonstruksieprojekte; kennis neem dat boukoste as gevolg hiervan toeneem en sperdatums vir voltooiing nie nagekom word nie; kennis neem dat hierdie kriminele aktiwiteite vinnig oor die land versprei; kennis neem dat die artikel daarop wys dat afpersing verder as die konstruksiesektor strek; kennis neem dat klein ondernemings geteiken word en gedwing word om “beskermingsfooie” te betaal, anders word hulle die slagoffers van geweld en word hul eiendomme vernietig; kennis neem dat mense in vrees leef wat hulle verhinder om hul uit te spreek teen afpersingsbendes; kennis neem dat eienaars van onder meer haarsalonne, taxibestuurders en eiendom almal blootgestel is aan die afperseise vir beskermingsfooie; kennis neem dat sakelui in Khayelitsha, Guguletu, Nyanga, Langa en gemeenskappe regoor die land lamgelê word deur eise om afpersingsfooie; kennis neem dat sommige mense dit nie kan bekostig om hul te hervestig nie en die swaarkry moet verduur wat deur die betaling van beskermingsfooie meegebring word; kennis neem dat slegs ’n fraksie van 6 000 sake wat oor die afgelope vyf jaar aangemeld is, tot skuldigbevindings gelei het; kennis neem dat kriminoloë waarsku teen die katastrofiese gevolge vir ons gemeenskappe en ons land as doeltreffende strategieë nie ontwikkel word om die einde van afpersing landwyd te bewerkstellig nie; en kennis neem dat ’n beroep op alle regeringsfere gedoen word om strategieë te ontwikkel wat doeltreffend ’n einde sal bring aan afpersers in ons provinsie en die land.

Goedgekeur.

21. Die Huis verdaag om 17:15.

ROMEO ADAMS

Sekretaris van die Provinsiale Parlement